

# Deeleienaarskap van 'n jagplaas

Jan van der Walt

**D**ie meeste jagters droom van 'n plek waar hulle kan jag en in die natuur kan ontspan, maar nie almal het R10 tot R15 miljoen om hul eie jagplaas te koop nie.

Dis waar DJ Farmer inkom. Dié markleier in deeleienaarskap help om hierdie droom te bewaarheid deur jagters die kans te gee om 'n aandeel in 'n jagplaas te koop. As aandeelhouer het die jagter alleentoegang tot die plaas vir drie weke van die jaar.

DJ Farmer is deel van die DJ Syndico-groep wat agt jaar gelede die konsep van deeleienaarskap in Suid-Afrika gevestig en 'n nuwe mark geskep het. Hulle is veral suksesvol met deeleienaarskap van luukse produkte soos vakansiehuise en buitelandse eiendomsbeleggings. Die groep bring nou dié kennis en ondervinding na die koop en verkoop van jagplase.

“Jagters is passievol oor hul sport en ons het gevind die meeste wens hulle kan hul eie plaas besit, maar nie baie het R15 miljoen in die bank nie,” sê Frederie de Jager, eienaar van die DJ Syndico-groep. “Hulle sien boonop

ook nie kans vir die tyd, geld en beslommernis wat dit behels om maandeliks so 'n plaas te bestuur nie.”

De Jager verduidelik hulle het vir twee jaar navorsing gedoen oor die wildplaasmark. “Ons het in die huidige ekonomiese klimaat gesien die gaping tussen kopers en verkopers word al groter. Met ons unieke konsep kan ons dié kloof oorbrug en die mark stimuleer.”

Die konsep behels 'n transaksie waar mens 'n aandeel kan koop in 'n jagplaas wat jou drie weke gebruikreg bied. Basies kom dit daarop neer dat 17 eienaars, of beter bekend as aandeelhouers, 'n plaas besit. Gedurende elkeen van die drie weke het jy alleenreg en toegang tot die plaas en die lodge vir eie gebruik.

Die drie weke word soos volg verdeel:

- 1 week gedurende die jagseisoen (Mei tot Augustus)
- 1 week gedurende September en Desember
- 1 week gedurende Januarie en April

Hierdie drie weke roteer op 'n jaarlikse grondslag volgens 'n vooraf opgestelde gebruikrooster. Gedurende die week in die jagseisoen ontvang elkeen van die 17 eienaars 'n kwota wild, wat teen geen betaling gejag kan word. Indien die jaarlikse kwota deur jou en jou jaggroep oorskry word, is die wild dan eers betaalbaar teen markverwante pryse. Dié reëling is ingestel om regverdigheid tussen die 17 aandeelhouers en die plaas in werking te stel.

Gedurende die twee buiteseisoeneweke kan die plaas benut word vir ontspanning, vermaak en verskeie buitemuurse aktiwiteite. Die weke is dan ook gepas om gehaltetyd saam met familie en vriende te geniet op jou plaas.

Elke plaas het 'n plaasbestuurder wat voltyds op die plaas woonagtig is. Hy is verantwoordelik vir die bestuursaspekte van die plaas, vanaf veldbestuur, ontbossing, voer, plaagbeheer en onderhoud van paaietot die normale jagverwante take. Verder is daar 'n bestuursmaatskappy wat elke plaas en sy plaasbestuurder bestuur volgens 'n vooraf opgestelde

bestuursplan. Die bestuursmaatskappy is dan ook verantwoordelik om toe te sien dat die bestuursplan uitgevoer word.

Sommige plase het ook 'n teelboerdery gekoppel aan die plaas. Dit sal wissel van buffels tot swartwitpense en njalas. Hierdie komponent is daargestel om inkomste vir die aandeelhouders te genereer.

naarskap van 'n jagplaas te bekom. Die waarde van die plaas word deur die 17 aandeelhouders verdeel.

- Die maandelikse uitgawes verbonde aan 'n plaas is skokkend hoog en om hierdie uitgawes deur 17 aandeelhouders te deel, maak deeleienaarskap dit nou moontlik om nog steeds in 'n plaas te belê.

Farmer sorg vir allerlei aktiwiteite en fasiliteite, byvoorbeeld bergfietse, staproetes, hengel, kwadfietsse en wildbesigtiging. Om 'n wildplaas te besit, gaan nie net oor jag nie, maar ook om die natuur te geniet en 'n kwaliteiteliefstyl te beoefen saam met familie en vriende.

Die verwagte koste om te belê in 'n aandeel in 'n jagplaas sal R900 000



Al die kostes om die plaas te bestuur word onder die 17 aandeelhouders verdeel en word deur elke aandeelhouer aan die plaas betaal deur middel van 'n heffing.

- Deeleienaarskap is doeltreffend in 'n produk wat nie 52 weke in die jaar benodig word nie. Dus bring dit die regte hoeveelheid gebruiksreg wat benodig word.
- Met pryse van 'n jagplaas wat so hoog is, is deeleienaarskap die oplossing om nog steeds eie-

- Met deesdae se gejaag en daaglikse roetine het mens nie die tyd en wil jy nie die moeite doen om 'n wildplaas te bestuur of daarvoor toesig te hou nie. Deur 'n professionele bestuursmaatskappy te hê wat 'n jagplaas namens jou bestuur, word die beslommernis weggeneem wat geassosieer word met 'n jagplaas.
- Met die herverkoop van aandele is dit makliker verkoopbaar as 'n hele plaas.

Gedurende die buiteseisoentye sal DJ

tot R1 200 000 beloop, afhangend van die grootte van die plaas en ander veranderlikes. Met al hierdie positiewe faktore wat die konsep bied en die feit dat kommer wat in die verlede geassosieer was met die besit van 'n wildplaas, uit die weg geruim is, behoort hierdie nuwe produk goed ontvang te word in die jagtersgeledere in Suid-Afrika.

Vir meer inligting skakel 011 675 4489 of 073 229 4942, stuur 'n e-pos aan [info@djfarmer.co.za](mailto:info@djfarmer.co.za) of besoek [www.djfarmer.co.za](http://www.djfarmer.co.za)

